

Woensdag Brief 24 Junie 2020

Gegroet uit die pastorie

'n Rukkie terug luister ek na 'n liedjie '*Die deur laat ek saans oop*' van Mikis Theodorakis wat vertaal en verkort min of meer sê: *Die deur laat ek saans oopstaan, die lamp hang ek hoog, my tafel is gedek, ek verlang na 'n kuiergas, ek is bedroef oor die aarde, ek 'n mens soos ander mense, soek 'n troosplekkie, waar ons kan gesels en Christus ook by ons kan aansluit*. Die liedjie luister ek so 'n ruk terug terwyl ek probeer uitwerk hoekom goedheid en boosheid soms 'n mens so beklou.

Alle mense is mense, alle mense soek menswaardigheid, alle mense kan liefkry. Alle mense voel nie soos mense nie, baie mense is minderwaardig, vele mense haat. Ek is ook bedroef oor die aarde en daarom sluit ek my deur veral snags. My ligte skakel ek af want ek is nie lus vir ander mense nie. Maar ek soek ook 'n troosplekkie veral een waar Christus by my sal kom sit. Die liedjie het sulke woorde, maar 'n ander wegspringplek – die deur is oop en lamp hang hoog en die tafel is gedek en kuiergaste is nodig.

Ek dink miskien is ek nie eensaam genoeg om Christus raak te sien nie, veral nie in die gestalte van ander mense nie. Ek onthou toe ek in die onder-Kalahari 'n rukkie predikant was dat die boere daar oortuig was dat 'n goeie oes altyd met 'n swak prys saamgaan. Nes dit eenkant goed gaan, gaan dit iewers anders sleg, maar mens wen nooit nie. Is die lewe regtig so? Hoekom voel die lewe soms so ongoddelik onverbiddelik? Wel, dink ek, vra iemand wat boer en waar dit al ses jaar lank te droog is om te oes. Vra 'n 40 jarige vrou wat oulik is, maar net nog nooit liefde gevind het nie.

Donker is geheel onbekend sonder dat daar lig is. Alles, letterlik alles, het 'n teenpool anders kon niks beleef word nie. Is dit waarom daar ook boosheid is en alleenheid en hartseer en armoede? Ensovoorts het my gedagtes gegaan. Maar net totdat ek die artikel lees wat aanbeveel ons dit moet oorweeg om van welvaart te beweeg na welstand toe. En nie net so in ons hart nie, maar ook met ons hande en voete en so ook met die aarde en medemense. Anders bly ons bedroef en die aarde ook en Christus afwesig.

Wat ek wel goed weet, uit eie ervaring ook, is dat in 'n droogte as die reën bly wegwaai, help dit baie as Christus kom kuiert. Om oud en alleen te wees so ampertjies of familie en vriend jou vergeet het, dan help dit baie as Christus by jou aansluit vir 'n geselsie. Om jonk en verdwaal te wees, dan help dit baie as Christus 'n stukkie lewe met jou saamloop. Wat ek goed weet en dit ook uit eie ervaring, is dat as die oes goed is en die prys is reg, dan het mens nie Christus se kuiertjies nodig nie.

Ek weet eintlik dat as dit goed gaan, het Christus ons kuiertjies nodig. Christus se deurstaan altyd oop, sy tafel is altyd gedek en sy lamp staan hoog en belig eintlik alles. En wat ek nie wil weet nie, maar tog weet, is dat baie keer is ek en jy die afgevaardigde, die verteenwoordiger, die gestuurde in die plek van Christus om die donker uit te vee en die eensaamheid om te swaai en die armoede te verryk met ondersteuning en ensovoorts.

Mooiloop tot volgende keer.